NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 11
14 April 2022

# Hoe vier ons Paasfees?

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Oor die wêreld heen het Christene verskillende gebruike tydens Paasfees. Elke gesin en elke gemeenskap het bepaalde rituele of gebruike. Dit is ook so dat baie mense, ook Christene, geen aandag gee aan Paasfees nie.**

Ek onthou nog baie goed, 'n klompie jare gelede in Noord-Italië in die stad Genoa, hoe aangrypend dit was toe ek en my vrou met Paasfees by 'n kerkgebou ingestap het om 'n Paasdiens by te woon. Die hele kerk, letterlik elke paadjie en elke sitplek, was oortrek met blomme. Dit is blykbaar die mense in die streek se gebruik om met Paasfees blomme kerk toe te neem, in herinnering aan geliefdes wat reeds oorlede is. Die blomme is 'n simbool van nuwe lewe, omdat Paasfees in die Noordelike Halfrond in die lente val. Na die yskoue winters en sneeu sien 'n mens orals blomme in die veld.

Vir die Europeërs is blomme sinoniem met nuwe lewe. Dikwels is daar 'n begraafplaas langs die kerk. Dit maak 'n mens bewoë om te sien hoe daar met liefde en respek blomme op die graf van 'n geliefde geplaas word. Somtyds word daar in Paastyd 'n tuintjie om die graf gemaak, en word blomme geplant wat 'n ruk sal hou.

In Oos-Europa, veral onder Ortodokse Christene, word mense tydens Paasfees met 'n baie spesifieke groet gegroet. Op Paasfees groet mense mekaar met *Die Here het opgestaan!* waarop die ander persoon antwoord met: *Die Here het waarlik opgestaan!*

In Switserland en Duitsland is dit ondenkbaar (en baie selde toegelaat) dat 'n predikant oor Paasfees verlof neem. Die rede daarvoor is voor die hand liggend: Paasfees is die belangrikste gebeurtenis op die Christelike kalender, en dit is ondenkbaar dat 'n predikant nie saam met sy gemeente Paasfees vier nie.

In Suid-Afrika is Paasnaweek 'n besonder groot gebeurtenis in die swart gemeenskap. Ons is almal daarvan bewus dat meer as drie miljoen lidmate van die ZCC oor Paasnaweek by Moria saamtrek.

Al die voorbeelde bring my terug na die vraag: Hoe vier ons Paasfees? As dit van Spar en Checkers en PicknPay afhang, sal Paasfees sentreer rondom die aankoop van sjokolade-paashase, paaseiers en paasbolletjies. Die kommersialisering van Christelike feesdae deur kettingwinkels hou ernstige gevolge in, onder andere die vervlakking van ons geloof. Dit is egter nie vreemd nie, as 'n mens in gedagte hou dat sommige megakerke die kerkdeure na die erediens sluit en die kaartmasjiene herhaaldelik omgestuur word "totdat die Here se beursie vol is". Die kommersialisering van godsdiens is skrikwekkend in omvang.

Ons is self aandadig aan die vervlakking van ons geloof. In die Afrikanergemeenskap is die Paasnaweek tradisioneel vakansietyd. Dit het histories so ontwikkel omdat dit 'n stil tyd op die plase was, voordat die boere begin stroop het. Dit was die ideale geleentheid om 'n bietjie weg te breek en vakansie te hou. Sommige mense doen wel die moeite om tydens hul vakansie eredienste by te woon, maar dit word al minder. Ons wil selfs met oortuiging argumenteer dat "dit maar net nog 'n dag is". Ons rasionele ingesteldheid vernietig die misterie van die Christusgebeure.


Goeie Vrydag en Paasfees gaan om die hart van die Christelike evangelie, om die lyding, kruisiging en opstanding van ons Here Jesus Christus. Dit is 'n besonderse geleentheid waar ons saam met ons medegelowiges stil word én jubel oor die wonder van God se genade.

Mag ons tydens Paasfees mekaar groet met die belydenis: *Waarlik, die Here het opgestaan!* Dalk kan ons ook maar weer 'n blom op iemand se graf sit, as simbool van ons geloof dat in Jesus Christus daar lewe is, ook wanneer ons sterf.

**Prof Wim Dreyer**
**UP en Visevoorsitter: Kommissie van die AKV**

*** Die volgende uitgawe van *Blitspos* verskyn op Donderdag 28 April 2022.

## Lief en leed



Ds Nico en Henriëtta Brayshaw

- Emerituspredikant **ds NCJ (Nico) Brayshaw** (83) is vroeg Dinsdagoggend 12 April in Ons Tuis oorlede. Hy is onlangs daar opgeneem nadat hy baie verswak het. Ds Nico het aan die einde van verlede jaar geval en 'n ernstige sny aan sy regterbeen opgedoen. Na verskeie operasies en veloorplantings het die pyn na sy ander ledemate versprei, en het hy probleme met bloedsomloop begin ervaar. Weens die herhaaldelike narkose het hy baie angstig en verward geraak. Die roudiens word beplan vir Saterdag 16 April om 10:00 in Gemeente Pretoria-Oos, terwyl sy dogter nog hier is op besoek uit Australië. Dr Daan van Wyk (sr) sal die diens lei, en ds Hannes van der Merwe sal namens die Kommissie van die AKV praat. Ons innige simpatie gaan aan mev Henriëtta Brayshaw en hul familie.

- **Mev E (Isie) Beytell** (81), weduwee van ds F (Frik) Beytell wat in 1999 oorlede is, is Saterdag 9 April na 'n lang siekbed oorlede. Sy laat drie kinders na: Thys en Frikkie Beytell en Sibbie Swart. Hul ander seun, PW, is 'n paar jaar gelede oorlede. Die roudiens is Vrydag 15 April om 11:00 in Gemeente Waterberg, en sal gelei word deur dr Barry van Wyk. Ons innige simpatie gaan aan die familie.



Mev June Roos

- **Mev JI (June) Roos** (89), weduwee van ds WJ (Willie) Roos wat in 2019 oorlede is, en van ds HR (Hennie) Visser wat in 1999 oorlede is, is Saterdagmiddag 9 April oorlede nadat sy drie weke lank in die hospitaal was weens 'n embolisme en vog op die longe. Sy het die afgelope paar jaar in Fleurenville gewoon en geworstel met Alzheimersiekte. 'n Gedenkdiens sal by mev Roos se dogter se huis gehou word, gelei deur ds Peet Esterhuizen. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- **Mev Marie Wagenaar**, weduwee van ds JPJ (Johan) Wagenaar wat in 2016 oorlede is, is steeds in Wilgers Hospitaal na die motorongeluk aan die begin van April. Sy word binnekort oorgeplaas na die Lynnmed-kliniek vir haar enkel om te herstel. Daarna moet 'n rekonstruksie op haar regterknie gedoen word. Ons bid haar sterkte toe vir die lang herstelproses.

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 April, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs jr (36) (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (55) (Standerton), R (Rue) Hopley (35) (Pretoria-Oos) en L (Lynette) Lötter (26) (Montana)
  - Vrydag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (75) (emeritus)
  - Saterdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (48) (Sinodaal)
  - Sondag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (32) (beroepafwagtend)
  - Dinsdag 19 April: Ds PJ (Pierre) Jacobs sr (62) (Outeniqua)
  - Donderdag 21 April: Ds EJA (Edzard) van Baalen (56) (Parkrand) en dr JA (Kobus) van Biljon (77) (emeritus)
  - Saterdag 23 April: Di F (Francois) Evert (60) (Declercqville) en CJH (Casper) Steenkamp (67) (emeritus)
  - Sondag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (62) (Elandspoort)
  - Maandag 25 April: Prof AG (Andries) van Aarde (71) (emeritus) en dr WAJ (Wimpie) van Schoor (59) (Primrose-Oos)
  - Dinsdag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (70) (emeritus)
  - Woensdag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (70) (emeritus)
  - Donderdag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (36) (Donegal)

## Gemeentes en bediening



Ds Leanie Lemmer

- **Ds L (Leanie) Lemmer** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Bellville. Sy het die beroep aanvaar en word op 8 Mei daar bevestig.

- **Vir Lydenstyd** is daar hierdie nuwe VONKK-lied:
  VONKK 361: **https://youtu.be/olA1jUtxtFo**

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Bethal.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA. Die werkruimte is sedert 31 Januarie 2022 vakant na die emigrasie van di Cobus en Mari Manders.

  **Gemeenteprofiel:** Gemeente Bethal is in 1918 gestig. Die sieletal is 458 (belydende lede 345). Die gebouekompleks bestaan uit ’n baie mooi kerkgebou, saal, kombuis en kategeselokale.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe getuig van ’n passievolle verhouding met God. Preke is liturgies weldeurdag, goed voorberei en getuig van Geesvervuldheid. Kinderdienste is deel van die gemeentebediening. Die leraar is persoonlik betrokke by en selfs die inisieerder van gemeentelike aktiwiteite, en betrokke by die breë gemeenskap.

  **Posbeskrywing:** Voltydse standplaas met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale en riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. ’n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  **Aansoeke: Die sluitingsdatum is 30 April 2022.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Aansoeke word gestuur na die administratiewe beampte (**Bethal@nhk.co.za**) en die skriba (**lietsw@gmail.com**).

  **Vrywaring:** Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

  **Navrae:** Vir enige navrae, kontak die skriba, Lietie Swanepoel (082 771 4112).




- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor ’n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van ’n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is ’n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel: **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om ’n wesenlike impak en ’n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van ’n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.




## Vergaderings

- Dinsdag 19 April: 9de ADV webinaar
- Donderdag 21 April: 9de ADV webinaar
- Saterdag 23 April: 9de ADV opening, konstituering en amptelike vergadering




## Kerklike publikasies

- In die **April 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** vra **ds Hannelie Botha** in haar redaksionele artikel die eeue-oue vraag *Om te trek of nie te trek nie.* **Ds Janine Bevolo-Manders** gee ons 'n interessante blik op die Christelike seisoen van voorbereiding voor Paasfees in *Lydenstyd en Lent.* **Anna Labuschagne** vertel van die Parfuummuseum by die Hugenotemonument in Franschhoek in *Geure uit die Bybel.* **Susan Janse van Rensburg,** streekvoorsitter van die NHSV Dorslandstreek, sluit hierdie uitgawe af met haar gewaarwordings tydens die pas afgelope ringsvergadering van Dorsland in *NHSV Dorsland: Daar is hoop!* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Die **Doop-DVD** wat 'n paar jaar gelede vanuit die Hervormde Kerk ontstaan het as 'n hulpmiddel vir doopkategese, is 'n kragtige stuk gereedskap om die gesprek oor die Doop vir voornemende doopouers oop te breek. Daar is slegs **75 eksemplare van die DVD** nog beskikbaar en dit is nou teen die afslagprys van **R50 (in plaas van R100) per DVD** te koop. Gemeentes wat van die voorraad wil aankoop, kan gerus skakel met Justine op weekdae tussen 08:00 en 13:00 by 012 460 8441.

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Fondsinsamelings

- **NHKA Gemeente Potchefstroom** bied **Maandag 2 Mei** hul **jaarlikse motorskou, basaar en veiling van antieke meubels** aan. Daar sal 'n groot verskeidenheid ou motors wees. Toegang vir volwassenes R30, skoolgaande kinders R10 en voorskools gratis. Goeie kunstenaars soos Wynand en Chereé en Reinhard Venter tree op en verskeie kosprodukte sal te koop wees. Die veiling van die antieke meubels vind in die Willem Koksaal plaas.

Almal word hartlik uitgenooi om van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein saam te kom kuier. Vir navrae kan die gemeentekantoor gekontak word by 018 293 2672.

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Toerusting







- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

Join Zoom Meeting
**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
Meeting ID: 942 768 9935
Passcode: SGB

Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Golgota**

Met rooi, gewonde voete en die pyn
van dorings wat sy hoof in spot omsluit,
het Hy – gelaaf met mirre en bitter wyn –
teen Golgota sy droewe gang gestuit.

Soldate het sy klere uitgetrek
en luid getwis oor kleed en lendedoek;
sy naakte liggaam het hul oopgevlek
oor stam en balk en dit met smaad vervloek.

Die wrede spykers word deur vlees en been
met felle slae ingejaag: sy hande,
verstrak in laaste, goddelike seën,
het Hy wyd uitgebrei oor álle lande . . .

Die vroue roep in duisternis en treur . . .
Die aarde beef . . . Die tempelvoorhang skeur.

**WEG Louw**
(Uit: “Die passie van ons Heer”
in *Adam en ander gedigte*, 1944)

## Barmhartigheid

- Die **9de Algemene Diakensvergadering** vind steeds virtueel plaas. Vanjaar word die **armoedevraagstuk** in diepte behandel, en word saam gesoek na werkbare oplossings vir 2022 en verder. Rig navrae aan ds Gerhard Stoltz by **gerhard@diakens.co.za**. Die volgende sessies kan nog meegemaak word:

| | |
|---|---|
| Dinsdag 19 April: | Sosiale entrepreneurskap en armoede (Elna Esterhuizen en Barend la Grange) |
| Donderdag 21 April: | Netwerke (Ds Hannes Noëth en dr André Ungerer) |
| Saterdag 23 April: | Opening, konstituering en amptelike vergadering |

- **Rata Maatskaplike Dienste** se telefoonnommers het verander. Die nuwe nommers is beskikbaar op hul kontakbladsy op die webblad **www.rata.org.za**. Hul **hoofkantoor** se kontaknommer is 064 437 5997 en hul e-posadres is **info@rata.org.za**.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde, boomryke area met ’n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamer-geriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## ’n Langerige allegaartjie

**Ds Paul Kern (emeritus) deel met ons hierdie stukkie wysheid van oudl Boet Nel van Groot Marico:**

Na 53 jaar se getroude lewe leer ’n mens algaande: *Met al die grysheid, kom die wysheid...*

So ry ek, dis nou ek en Maryna, op ’n Sondagoggend van ons kinders in Pretoria, terug na Groot Marico. Rustenburg se Waterfall Mall is gerieflik naby die N4 en daarom, na ’n versoek om net gou by die apteek in te gaan vir lewensnoodsaaklike pille, laat ek my dit welgeval. Oorlewing is mos jou grootste drang, veral op ons ouderdom.

Vir ’n tweede keer in ’n baie kort rukkie laat ek my dit weer welgeval toe sy sê: *Ek moet jou waarsku, dis amper etenstyd en daar is niks gaars by die huis nie. Kan ons nie maar hier ietsie eet nie?* Ter wille van oorlewing, stem ek in.

Innerlik verkwik, stap ons weg en weet die oorlewing-ding kos geld. Vierhonderd rand by die apteek, nou nog tweehonderd-en-vyftig rand na die ietsie, is nou al seshonderd-en-vyftig rand.

Net gou inglip by die supermark vir ’n brood en melk en die twee tydskrifte ter wille van die blokraaie, laat ek my ’n derde keer welgeval. Gaan wag jy maar in die bakkie, ek sal nie lank wees nie...

By die aankoms met die trollie, weet ek darem ook teen hierdie tyd brood, melk en twee tydskrifte kan nie vier sakke so laat bult staan nie. Ons ry toe maar. Mensig, sê sy later, die goed is darem duur! Die paar goedjies oor die driehonderd rand en dis skaars kos! Nou


weet ek, oorlewingspille, ietsie weens ’n gebrek aan niks gaars en ligte inkopies is nou eenduisend-vierhonderd-en-vyftig rand...

...Sê ek vir haar: *Besef jy as ons vanoggend kerk toe gegaan het, was dit vyftig rand kollekte vir my en vyftig rand vir jou. Ons kon altesaam eenduisend-driehonderd-en-vyftig rand gespaar het. Die evangelie is duur, maar dis nog bekostigbaar. Van nou af is dit, ter wille van oorlewing, elke Sondag kerk toe.*

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## ’n Gebed vir Paastyd

My Heer Jesus,
U is opgewek uit die dood
en U leef!
Gee my die oë
om u teenwoordigheid in die wêreld rondom my
te herken.
Verskerp my sig
sodat ek verby die gewone gebeure van elke dag kan sien
tot binne die wonderbaarlike werklikheid van u genade.
Verhelder my uitkyk op die wêreld
met hernude hoop op die koms van u Koninkryk.
Versag my blik op mense
sodat ek na hulle kan kyk
met die teerheid en deernis
waarmee U soveel ander bejeën het.
Mag elke dag van hierdie Paastyd
vir ons glimpe van u glorie gee.
Ek vra dit in u heilige Naam.
Amen.

samsonovasasha.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |